**Donderdag 23 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 81**
**Fokusgedeelte: Psalm 81:11 (AFR83)**
**Die Koning sê: Ek verlos, eis maar op my trouverbond!**

Psalm 81 word toegeskryf aan Asaf, een van die voorgangers in die tempelsang van die tyd. Dit is dan ook duidelik in die eerste paar verse dat die volk aangemoedig word tot lofsang en feesgety. Maar dan kom die vermaning en die opdrag van die Here, die God van Israel. Onthou! Onthou dat Ek julle verlos het en tot my volk gemaak het en gebring het waar julle nou is! Moet nie agter ander gode aanloop nie en moet nie van My wegdraai nie! Luister tog na My, o Israel.

Hierdie Psalm spreek net so tot my en jou vandag. Ons God is steeds dieselfde God van Israel, die Een wat hulle bevry het en tot stand gebring het. Net so kom die waarskuwing en vermaning ook na jou en my. Onthou wat God vir jou gedoen het toe jy nog verlore en in sonde geleef het, dat sy reddende hand jou opgetel en herstel het. Draai daarom weg van daardie afgode in jou lewe wat jou tyd en aandag steel en gee jou lewe uit dankbaarheid aan God. In Christus Jesus het Hy jou gered en vrygemaak van die las van die sonde en die straf van die dood. Daarom moet ons nou uit dankbaarheid vir sy oneindige genade en liefde vir ons ’n feeslewe leef, ’n dankbaarheidsfees.

God se beloftes staan vas in sy Woord tot in ewigheid. Wy jou lewe aan Hom en Hom alleen, dan sal jy sien en beleef hoe sy beloftes vir jou ’n werklikheid word, vandag en elke dag tot in ewigheid. Ons Koning is die enigste Verlosser vir die mensdom en Hy is trou in sy verbondsbeloftes.

*Sing: Psalm 18-1:1, 12*

*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*